OKTOBER 2020

# SONNIES FLITSE

SONNEVELD AKADEMIE VIR CVO SE NUUSBLAD

## 'n Nuwe normaal vir Sonneveld Akademie

Kyk mens na die foto regs, lyk iets eienaardig. Jy kan eers nie jou vinger daarop lê nie. Dan tref dit jou. Dit is vreemd om almal se **glimlagte** te kan sien.

Die foto kom uit die era voor Covid-19... geen maskers, geen *Bluetooth*-drukkies of beleefde, armlengte gelukwensinge nie… net 'n groepie leerders wat saam met die hoof sy verjaarsdag vier.




2020 sal seker vir nog baie lank onthou word as die jaar waarin dinge in 'n oogwink verander het.

Die een oomblik is die Sonnies opgewonde huis toe omdat hulle welverdiende vakansie uiteindelik aangebreek het en toe word die vakansie net langer en langer en **nóg** langer! Covid-19-getalle styg en die Sonnies skuil soos miljoene ander - **wêreldwyd** - veilig tuis. Die woorde **GRENDELTYD, INPERKING en *LOCKDOWN*** word deel van ons woordeskat.

Dit voel later of die lewe een lang, luilekker vakansie is. Ongelukkig kom alle goeie dinge tot 'n einde. Meneer Weber weet dat 'n leeglêery nie sal deug om die skooljaar te red nie en kom met 'n blink plan na vore.

Sommer gou leer die Sonnies nog 'n nuwe woord: **AANLYN-SKOOL**...

Sonneveld Akademie se aanlynskool word aangekondig en ons leer sowaar nóg 'n woord, naamlik **tuisonderrig**.

Eers klink dit lekker om met jou nagklere klas te kan bywoon, maar gou-gou vind jy uit om só alleen tuis te leer, hou ook sy nadele in…



**studeer;**
study {Eng}
étude (Fr)
die daad van whatsapp, eet en tv kyk, met 'n oop handboek naby



BO: Meneer Weber, Sonneveld Akademie se hoof, en leiers op sy verjaarsdag in Maart

## 2020: Wat 'n ongewone jaar!

Jou ma is nie jou juffrou nie, die TV roep, jou foon is 'n versoeking, die hond raas, die yskas is skielik jou beste vriend, jou klein boetie is irriterend en jy mis jou regte vriende se morele ondersteuning.

Dit is fantasties om die wonderlike nuus te hoor dat ons kan terugkeer skool toe.

Meneer Weber laat die skool diepreinig en ons voel slaggereed.

Skool is egter nie meer dieselfde nie. Dinge is sommer vanuit die staanspoor heeltemal anders. Jy sit nie meer noodwendig naby jou maatjie in die klas nie. (Jy kan baie bly wees as jou maatjie ooit op dieselfde dag as jy skool bywoon!)

Almal dra maskers, hande word gewas en ontsmet en 'n veilige sosiale afstand tussen jou en jou medemens is noodsaaklik.

Bewaar jou siel as jy aan 'n ander Sonnie raak! Jy kan nie eers 'n toebroodjie deel, vir jou juffrou 'n drukkie gee of 'n geheimpie in iemand se oor fluister nie. Die Sonnies tree soos eendjies in 'n ry op kolle aan en gehoorsaam al die Covid-19-regulasies. Jou skoene, jou tas en die klaskamers word daagliks ontsmet en jy hoes of nies **nooit as te nimmer** in 'n ander se rigting nie.

Dit voel later al of ons die virus met komplimente kan terugstuur China toe!



Tog wys die Sonnies elke dag wat in hulle steek.

Die winter kom tot 'n einde en saam met die lente word die nuwe normaal tóg prettig.

Die skoolwerk vorder mooi. Die Graad 1's leer sinne skryf, die Graad 12's vier hulle ***40 days***, die rekordeksamen word afgelê, daar word ingeskryf vir virtuele kunswedstryde, toetse word geskryf en die Sonnies presteer en floreer!

Hulle doen hulle deel vir liefdadigheid deur pannekoek te bak en kolwyntjies vir kanker te verkoop. Hulle tree selfs innoverend op en beplan hard aan **Sonnies Radio**, verwelkom **nuwe leerders** by die skool en verbeter die terrein met spreiligte, veiligheidshekke en inspirerende, bemoedigende borde vir die mure. Die matrikulante vier steeds twaalf jaar se swoeg en sweet met 'n mooi matriekfunksie, selfs al is die tradisionele matriekafskeid taboe…

Sonneveld Akademie is 'n bewys dat die mens aanpasbaar is, kan uitstyg bo moeilike omstandighede en dit kan regkry om die sonkant van die lewe te omarm.

Sonneveld Akademie, ons sou saam met geen ander skool dié **pandemie** wou deurmaak nie!



## Uit die hoof se kantoor:



Daar is met groot afwagting uitgesien na die eerste publikasie van ons eie skoolkoerant hier by Sonneveld Akademie. Dit is 'n eerste vir ons skool en leerders. Nadat ek die proefuitgawe onder oë geneem het, kan 'n mens nie anders as om die grootste lof, dank en waardering uit te spreek teenoor die **redaksie** onder leiding van die bekwame mevrou Marilette van der Walt nie. (Die redaksie is bygestaan deur mevrou Suzette Binneman.) Seuns en dogters, julle het waarlik 'n spoguitgawe voorberei en die lig laat sien. Die nooiensvaart is met sukses voltooi en ek sien baie uit na verdere uitgawes. Die "ongewone" skooljaar is mooi uitgebeeld en dit is lekker om te sien dat daar ook verskeie hoogtepunte gedurende hierdie jaar was, ongeag van die buitengewone omstandighede. Hiervoor bring 'n mens net dank en waardering aan elkeen van ons leerders, personeel en ouers. Sonneveld Akademie is 'n "familie"-skool met 'n Christelike en Afrikaanse kultuur waar ons almal saamwerk "ter wille van ons kinders".

Hier aan die einde van die derde kwartaal gee ***Sonnies Flitse*** 'n baie mooi terugblik oor 'n jaar wat gepaard gegaan het met baie opofferings waar baie meer as die doodgewone van ons almal verwag is. Die "Sonnies-familie" het met groot entoesiame en deursettingsvermoë die uitdagings wat voor ons deur kom lê het, aanvaar en met welslae oorkom. Die mooi prestasies van ons kinders en personeel is net weereens die bewys van toegewyde mense wat hart en siel gee. Natuurlik was daar ook verskeie vrolike en genotvolle oomblikke waar ons ook lekker vir mekaar kon lag. Hierdie uitgawe verbeeld baie mooi 'n dag, maand en jaar in die "Sonnies-huishouding". Natuurlik, sal dankie sê nooit volledig wees as ons nie ons positiewe en betrokke ouers se bydraes aan die groot klok hang nie. Ons is voorwaar geseënd met 'n uitsonderlike ouerkorps wat hulle skool as prioriteit dien.



Om steeds suksesvol te kon wees binne 'n raamwerk van uitdagings, is slegs moontlik met die wonderlike seën van ons Hemelse Vader. Ons bring aan ons Heer die hoogste lof, eer en dank. Ons prys Sy naam en wil soos koning Dawid van ouds uitroep: "My beker loop oor..."

Ek wil elke lid van ons "Sonnies-familie" baie sterkte toewens vir die res van 2020. Daar is verseker nog 'n hele paar uitdagings wat voorlê, maar ons is goed toegerus en met ons oë steeds gerig op ons Skepper, weet ons waar die wenstreep is en beur ons steeds koersvas voort met die slotreël van ons skoollied wat weergalm in ons harte: ***"...Ons wil met krag wat kom van Bo, altyd in God bly glo."***

Ek salueer u!
Steven Weber

## *Covid-19 kry ons nie onder nie*



Bo: Alles om die Sonnies veilig te hou




Bo: Tot arme "Patrick" in die kunsklas is ontkiem!




Bo: Die skool het aan elke Sonnie 'n Sonnies-masker voorsien

Onder: Benriku Oosthuizen, Magdil Venter, Stefni Binneman en Nathan Evans



Onder: Jan van der Riet en Kaylin Möller



Onder voor: Rika Oosthuizen, Clarissa du Toit, Benriku Oosthuizen
Onder agter: Kaylin Möller en Jan van der Riet




Onder: Niks blus die Sonnies-gees nie.
Sonnies is fluks besig om te help tydens een van Sonneveld Akademie se inligtingsoggende.

# LEIERSKAMP 2020: Die jaar skop af op 'n hoë noot

Magdil Venter



Die leierskamp van 2020 het ons geleer om almal as een span saam te werk. 'n Groep leiers werk mos saam aan dieselfde doel en beslis nie teen mekaar nie.

Ons het op die 17de Januarie almal - as 'n groep - saam vertrek op 'n lang rit. Daar is op die busrit gesing en gedans. Daar aangekom, kon niemand meer hulle opgewondenheid wegsteek nie!

Ons het saam gelag, gehuil, geval en weer opgestaan. Ons het mekaar gedra en - ek moet bieg - soms ook gesleep, maar een ding was seker: niemand is agtergelaat nie.

Foto's: Sonneveld Akademie se leiers



Daar was hindernisbane, 'n nagmars, speletjies en spanbou-aktiwiteite waarmee ons mekaar gehelp het.




Na die naweek het ons met swaar harte ons tasse gepak en die gidse gegroet. Op pad terug was ons behoorlik gedaan. Elkeen het maar 'n skouer gesoek om op te slaap en min gesê tot by die skool waar ons mekaar moes groet.

Die leierskamp was beslis 'n reuse sukses!

KULTUUR

# KULTUUR KRAAI KONING

## *in Sonneveld*



Leané Viljoen

Sonneveld Akademie se kultuur kook behoorlik. Verskeie leerders het in 2020 weer uitstaande kultuurprestasies behaal. Van klein tot groot, van woordkuns soos redenaars, voorbereide lees en monoloë tot fotografie, sing, skilder en dans het ons Sonnies-kultuur koning gekraai.

Ons is besonder trots op al ons kunstenaars. Daar is so baie Sonnies wat hierdie jaar met kultuurtalente gewoeker het. Julle is ons sterre!

Twee van ons leerders, Nathan Lues en Leané Viljoen, wat aan die Allegretto Kunswedstryd deelgeneem het, het die beoordelaars so beïndruk dat hulle gekies is om te help om die Engelse Poësie leerplan vir 2021 te help ontwerp. Dit is 'n eer wat slegs vyf leerders van regoor Suid-Afrika te beurt geval het.

In 'n spesiale boodskap aan die skool sê die CEO van die Allegretto Eisteddfod dat Sonneveld Akademie een van die skole - **landswyd** - is met van die béste prestasies. Dit wil gedoen wees! Baie geluk!




*'n Kunstenaar verf, teken, ontwerp, skep, skryf, sing, speel, dans, kook, raak kreatief, redeneer, interpreteer, filosofeer, vermaak en vorm 'n pragtige kunswerk met ietsie van* ***homself/haarself*** *daarin.*

**Sonneveld Sonder Grense**
**Roux-André Agenbach**

Wie is ***Sonneveld Sonder Grense***?
***Sonder Grense*** is die orkes wat deur drie Graad 9-leerders van Sonneveld Akademie gestig is.

Die orkes bestaan tans uit vier leerders wat baie talent en vasberadenheid het, naamlik:

- Jarin Datnow: tromspeler
- Roux-André Agenbag: kitaarspeler
- Twany du Plessis: baskitaarspeler
- Chanté Butler: sangeres



Die leerders het baie goed gevorder vanaf hulle eerste optrede by die Karoofees. Hulle kan nie wag vir hulle volgende optrede nie. Tydens hierdie geleentheid sal hulle graag wil wys wat moontlik is as mens nie opgee nie.

Hulle wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir Mauritz te bedank. Hy help hulle om hulle musiek te verbeter en om nuwe liedjies aan te leer.

Wel, ***Sonder Grense***, ons kan ook nie wag om julle weer te hoor nie – ons is die ene ore!



## VERANDER, VERBETER, VERENIG… MAAK 'N VERSKIL!

NATHAN EVANS

***"If you don't stand for something, you will fall for anything."***

'n Perfekte beskrywing van **Solidariteit Helpende Hand**, want hulle het hulself weereens bewys: hulle staan by dít waarin hulle glo en juis dáárom maak hulle 'n sukses van elke uitreikaksie.

**Ons Winkel** van Solidariteit het daarin geslaag om 'n suksesvolle Pannekoekdag en Boeremark aan te bied. **Sonneveld Akademie** het hulle hierin ondersteun deur bestanddele vir die pannekoeke te skenk en ook te help met die bak van meer as 500 smullekker pannekoeke om sodoende die fondse te help insamel vir die Solidariteit Helpende Hand Organisasie.

Aantreklike en interessante stalletjies het gesorg vir 'n bedrywige en gesellige kuierdag van snuffel, proe en koop.

Sonneveld Akademie staan saam met Solidariteit Helpende Hand en maak so 'n verskil...





Bo: **SPANWERK, PANNEKOEK, MARKDAG om Solidariteit Helpende Hand te ondersteun**




# 40 DAYS
# Matrieks se vryheid wink

RENALDO LOCHNER




Ons het net nóg 'n gewone, lang skooldag verwag, maar die dag was jonk en vry en het vir onverwagse opwinding gesorg. Die matrieks het hulle jaarlikse ***40 days*** gevier en sprankel aan ons dag verleen. Dit was vroegdag toe die matrieks die skool verras het met asemrowende motorfietse. Met ons oë vasgenael op hulle indrukwekkende intog, het elke hart op reis gegaan…




Die matrikulante staan op die drumpel van groot dinge… iets waarvan ons almal van jongs af droom… **DIE LEWE**! As jongmens dink ons ons weet wat ons van die lewe wil hê en wat ons wil doen. Ons het baie drome en baie selfvertroue. Ons almal dink daaraan: **"As ek eendag groot is…"** Tog is die idee van die LEWE daarbuite maar bietjie skrikwekkend. As daardie **EENDAG** aanbreek, bewe die dapperste ou se broek beslis. Die matrikulante is egter vol moed. Hulle het met breë glimlagte vir ons gewys hoe lyk **hoop**! Hulle is reg vir die LEWE! Hulle kan nie meer wag nie! Hulle geesdrif was aansteeklik.



Na baie gelag en 'n traan hier en daar, het die hoof 'n spesiale, láng pouse toegelaat. Die skool het gedans op wonderlike musiek en ek het weer besef dat die lewe gevier moet word. Alle goeie dinge kom ongelukkig tot 'n einde en sommer gou was hierdie hoogtepunt van ons dag weer iets van die verlede.

Vir julle is dit die begin van baie nuwe dinge, Matrieks. Hou vas aan die **HOOP**! Sterkte met al die harde werk wat nou vir julle voorlê!
Mag julle lewensreis voorspoedig en geseënd wees!

## KOLWYNTJIES VIR KANKER

GERALDINE DURANDT

# Sonneveld Akademie ondersteun kolwyntjie-projek vir kanker





Sonneveld Akademie het hierdie jaar weer gewys dat hulle omgee vir ander.

Tydens die Nasionale Kolwyntjiedag vir Kanker het vrywilligers saamgespan om kolwyntjies te help verkoop. Al die fondse is aan die ***Cupcakes of Hope 4 Kids*** geskenk.

As gevolg van die inperking en Covid-19-regulasies het die dag hierdie jaar 'n bietjie anders gelyk. Dit het by die Just Wheels Motorklub plaasgevind en het die vorm van 'n "deurry" aangeneem. Daar was min of meer 1800 kolwyntjies beskikbaar en die mooi bedrag van R18248 is aan ***Cupcakes of Hope 4 Kids*** geskenk.


Dankie aan die Sonnies wat op hulle pos was en gehelp het om honderde kolwyntjies te verkoop.

HELDEDAG

# *Sonneveld het waarlik geen grense nie*

**Lentedag in superheld-uitrustings**

**JARIN DATNOW**



En weer het ons dit bewys met ons eie KARAKTERDAG… daar was 'n ***Superman, Batman, Ironman, Spiderman*** en nog vele meer: Sonneveld Akademie het geen gebrek aan verbeelding en positiwiteit nie! As dit by entoesiasme kom, het ons geen grense nie.

Van ons eie Magdil Venter as 'n ***Smooth Criminal***, Troy as die volgende ***Pelé*** tot 'n laerskool ***Grim Reaper*** (met sy eie vuurwapen) het die Sonnies hulself uitgeleef in karakterdag. Ons het 'n wetenskaplike in ons midde wat sy eie ***Terminator*** gemaak het, maar gelukkig ook 'n ***Sarah Connor*** om hulle te stop.

Wie dink julle sal wen in 'n geveg? ***Hello Kitty*** of 'n ***Teenage Mutant Ninja Turtle***? Wel, as jy my vra, dink ek dit sal ***Hello Kitty*** wees.

Soos julle kan sien, kan geen virus of maskers Sonneveld keer om pret te hê nie!





Foto's van entoesiastiese Sonnies tydens karakterdag om die lente te vier.








SONNIES RADIO



# SONNIES KRY EIE RADIO

**MARILIZE FOURIE** **TEMIELLE DA ENCARNACAO**

Daar word baie hard beplan aan Sonnies Radio. Is dit nou nie opwindend om te dink dat die Sonnies in die nabye toekoms tydens pouse na hulle eie radiostasie sal kan luister nie?

Terwyl daar in die kantoor koppe bymekaar gesit word om al die tegniese reëlings te tref, is dit nou julle kans om hard te werk aan julle klankopnames vir Tannie Suzette. Die inhandigingsdatum is uitgestel tot die vierde kwartaal. Julle het nog tyd tot 2 en 3 November om julle klankopnames in te handig.

Komaan julle! Laat die oudisie-opnames instroom! Gesels 'n bietjie, speel jou gunsteling liedjies, laat jou radiopersoonlikheid deurskemer en, wie weet? Jy is dalk een van die gelukkiges wie se stem ons gereeld oor Sonnies Radio gaan hoor.

Ons sien daarna uit om in 2021 ons eie Sonnies-radio te hoor "lewendig" gaan!

***MAKE THE RADIO THAT YOU WANT TO*** LISTEN TO




SONNIES SPORT: KRIEKET


## *KRIEKETSPELERS BEÏNDRUK*

**DERICK ENTRES**



***KRIEKET***

Estian Bouwer (regs bo) in Graad 9 het hierdie jaar uitstekend gevaar in krieket. Estian is in Julie vanjaar aangewys as die **afrigter se keuse** vir die beste speler in die Boksburg Junior Krieketklub se somerliga. Dit is 'n fantastiese prestasie. Estian se gemiddelde lopies vir die seisoen was 20 met 'n totale aantal lopies wat tans op 70 staan vir die jaar se liga. Estian het tydens die liga baie paaltjies laat val met 'n totaal van 13 paaltjies vir die toernooi. Die krieketseisoen is egter kortgeknip deur die Covid-19-pandemie. Sonneveld Akademie wens hom baie geluk! Ons harte swel van trots, Estian!


BOKSBURG CRICKET JUNIOR CRICKET CLUB

COLTS 2019 / 2020 SEASON

THIS ACKNOWLEDGES THAT

ESTIAN BOUWER

HAS BEEN RECOGNIZED AS COACH'S CHOICE

BCC COMMITTEE JULY 6, 2020

***AKSIEKRIEKET***

Brandon Vermaak is vroeër vanjaar, in Februarie, gekies om vir die Gauteng-Oos aksiekrieketspan te speel. Baie geluk! Ons hou jou dop, Brandon! Ons is ook baie trots op CJ Theologo.
Ons verwag nog groot dinge van al ons krieketspelers!

**BEMOEDIGENDE BORDE**

Ons het almal soms so 'n bietjie wysheid, bemoediging en inspirasie nodig!

By Sonneveld Akademie kan jy nou sommer so in die gange nuwe moed skep en 'n tikkie inspirasie put as jy talle mooi waarhede raaklees.

Baie dankie vir al die ouers, onderwysers en Sonnies-vriende wat die oprig van die bemoedigende borde moontlik gemaak het.













*Woorde beïnvloed ons lewe...*

# SONNIES AKTIWITEITSBLAD

ANZEL PARSONS
CHANé ELS

**Day 121** at home and the dog is looking at me like, "See? This is why I chew the furniture!"
*
My mom always told me I wouldn't accomplish anything by lying in bed all day. But look at me now, Ma! I'm saving the world!
*
Being quarantined with a talkative child is like having an insane parrot glued to your shoulder.
*
I'm not talking to myself,
I'm having a parent-teacher conference.
*
*Ingestuur deur Twané van Niekerk, Graad 9* ☺
























## ONDERWYSERS SE BABAFOTO'S

### Raai watter babatjie staan nou voor jou in die klas?

CHANÉ ELS



Raai-raai watter personeellede se babafoto's is hier geplaas! Die wenner kan 'n heerlike prys losslaan.



1



2



3



4



5

Kontak vir Chané Els/Anzel Parsons in Graad 10 as jy dink jy het die antwoord.

# AKADEMIE IS PRET IN SONNEVELD

Onder: Migell Fisch is besig… glo dit maar…
met **FISIESE WETENSKAP!** Dankie Meneer Alan!





# KUNS





Bo: Jané Kruger Bo: Tihan Landman

Graad 5 Kuns is mos nou lekker!

Dis hier waar ons speel-speel mag leer en ons kreatiwiteit vrye teuels kan gee.




## DRAMA IN DIE AFRIKAANSE KLAS
STEFAN VAN DER WALT





Die Graad 11's wys hulle verstaan Reza de Wet se drama, ***Mis***.

Hier en daar het hulle wel tot hulle eie unieke gevolgtrekking gekom.

## *The Mini Science Lab – eksperimente laat Sonnies na hulle asems snak!*

Bennie Vorster en Kaylin Möller

Vlambare poeier, "laser popping" ballonne, skuimende sampioene, reuse rookborrels, 'n rookgeweer… Klink dit nou nie opwindend nie? Wetenskap op sy interessantste!

Vanaf die Graad RRR tot Graad 7-leerders het hierdie ongelooflike vertoning meegemaak wat deur ***The Mini Science Lab*** aangebied is op die 28 ste en 29 ste September. Dit is oor twee dae aangebied om Covid-19-regulasies na te kom. 'n Jong professor en sy assistent het die Sonnies na hulle asems laat snak!

**Kaylin:** "Dit maak my opgewonde om te weet dat Natuurwetenskap sulke opwindende eksperimente insluit."
**Bennie:** "Ons seuns het een van die eksperimente die **Brakpan Flame Thrower** genoem. Ons is darem gewaarsku om glad nie hierdie eksperimente by die huis te probeer nie."





Gesprekvoering in die Afrikaanse klas - Graad 11's













# ONS GRETIGE GRONDSLAGFASE

MARILIZE FOURIE

By Sonneveld Akademie word daar geswoeg en gesweet in die Grondslagfase. Daar word hard gewerk **én** hard gespeel.

In die **kleuterskool** word daar speel-speel baie nuwe vaardighede geleer! Ons **Graad 1's** vorder net so mooi. Hulle het onlangs hulle **groot sinne** vir Meneer Weber gaan wys. In **Graad 2** word daar al maaltafels geleer en in **Graad 3** deel Juffrou Anneke penlisensies en lopende skriflisensies uit. Hier word 'n stewige grondslag gelê. Die juffrouens leer ons maatjies mooi sodat hulle slaggereed kan wees vir die intermediêre fase.

Mooi so, Grondslagfase! Hou so aan!



Bo: Lizandri Potgieter; Eben Botha, Zaden van Sittert
Ons jongste span maats spog met hulle oulike kunswerke.



**Bo: Die Graad 1's wys vir die hoof hulle groot sinne**



Regs: Die Graad 1's van 2020 saam met Juffrou Jane Weber.



Bo: Ons kleuterskoolmaats hou 'n tou vas om hulle te help om 'n veilige sosiale afstand te handhaaf.







**Bo en regs bo: Die Graad R-leerders se pragtige lentekunswerke**

## Grendeltyd Aanlynskool

Twané van Niekerk

Tydens die Grendeltyd het die Sonnies steeds baie hard gewerk. Die onderwysers het heel duidelik besluit as die berg nie na Mohammed toe kan kom nie, moet Mohammed na die berg toe gaan en siedaar… Die Sonnies kon skielik vir Juffrou en Meneer in hulle eie sitkamer verwelkom.


Ek dink ons almal het al gehoor hoe onderwysers vir ons sê: "Julle leer net mooi niks van **YouTube** af nie", en nou … kyk nou net! 'n Splinternuwe manier van skoolgaan wat ons nog nooit ervaar het nie, is met sukses geïmplementeer. Ons het in 2020 talle uiterstes beleef: van **in die klas** sit en luister (waar jy ook vrae kan vra) na **myle van die klas** af sit waar jy **nét** mooi moet luister en **níks** kan vra nie.

Vir my, persoonlik, was dit baie erg. Tog was dit ook iets nuuts om te probeer. Ek wou nog altyd ge-*homeschool* word, maar na die affêre weet ek nie meer nie ... Dit was wel die **béste twééde béste** keuse te midde van die pandemie. Alhoewel dit lekkerder is om vir Juffrou/Meneer in lewende lywe in die klas te sien, moes die Sonnies die beste van 'n slegte saak maak.

Onthou Sonnies, die Grendeltydlesse is steeds op YouTube beskikbaar. Julle kan -waar van toepassing- weer na die ou lesse gaan kyk wanneer julle begin voorberei vir die eindeksamen.









Foto's: Pligsgetroue Sonnies – hard aan die werk tydens Grendeltyd. Sommiges het selfs hulle skoolklere aangetrek vir hulle aanlynklasse.☺

# TOP 5 EN TOP 10:

*Sonnies presteer soos altyd*

Sonique Butler



Baie geluk aan Sonneveld Akademie se uitblinkers!

2020 was 'n baie moeilike jaar met baie uitdagings en struikelblokke, maar steeds gee ons Sonnies ons allerbeste!

Ons is baie trots op ons presteerders. Ons weet dit verg baie harde werk, laat aande se wakkerbly, swoeg en sweet, pligsgetrouheid, 'n groot verantwoordelikheidsin en baie uithouvermoë.

Ons is baie bly julle kan die vrugte van julle harde werk pluk!

***Studiewenke: haal die pyn uit presteer***

Roux-André Agenbach



Eerstens wil ek ook net vir al die Sonneveld-leerders gelukwens wat met hulle uitstaande akademiese prestasies ons skool se naam hoog hou.

Hoe kry julle dit reg? Ek het 'n bietjie gaan oplees daaroor. As jy ook die Top 10 wil haal, het ek 'n paar studiewenke wat ek met jou kan deel:


- Skakel alle moontlike afleiding uit.
- Kies 'n rustige omgewing wat jou sal help om op jou studie te fokus.
- Maak jou gedagtes skoon.
- Bly gehidreer – hou die waterbottel naby.
- Neem gereelde rusposes.
- Skep 'n stelsel vir die neem van notas.
- Gaan so gou as moontlik na jou klas deur jou notas.
- Bly goed uitgerus.
- Hou jou vordering dop.
- Beloon jouself vir elke goeie studiesessie.
- Jy kan!



**Moenie dat jou akademie jou onderkry nie!**

(Die volledige lys van al die TOP 5- en TOP 10-leerders is op die skool se Facebook-blad geplaas.)

# ATLETIEK





Lank gelede… (in die tydperk voor Covid-19) was daar iets soos atletiek… ☺

Ons het vanjaar slegs twee byeenkomste gehad… Die **Sonnies Atletiek** by Laerskool Môrewag. Tuisskole, Môrewag en Irun-atlete het saam met ons deelgeneem. Dit was 'n heerlike dag.

Ons het ook 'n byeenkoms in **Sasolburg** saam met Bergvesting gehad. Daar was ook leerders wat aan die Interlaer en Interhoër deelgeneem het.

Ons atlete het pragtig presteer, maar ons wil veral spog met **Dreyton Botha** (foto links bo) in Gr.1. Tydens die interlaer het hy 'n eerste plek behaal in die 80m vir seuns o-7 asook 'n derde plek in die 60m. Dreyten het dus deurgedring tot die Groter Brakpan rondte. Hy het by die Tsakane-stadion gaan deelneem en **TWEE** derde plekke behaal (60m en 80m).
Baie geluk, Dreyten!

# 14 Februarie Vriendskapsdag by Sonneveld Akademie

Twané van Niekerk

Vriendskapsdag was 'n fantastiese dag. Dit was 'n dag waartydens ons almal soos 'n strokiesprentkarakter van ons keuse kon aantrek. Dis so lekker om net PRET te hê saam met jou vriende!

Ons kon ons verbeelding gebruik en ons gunsteling "cartoon" lewendig maak.

Ek was Luigi van ***Mario and Luigi***. Ek het gevoel of ek oor al my probleme kon spring (soos Mario en Luigi oor krokodille spring).



Dis juis hoekom dit my gunsteling "cartoon" is: ons kán baie keer oor ons probleme spring! Gee maar net daardie sprong in geloof!







Foto's:
Die Sonnies vier Vriendskapsdag op 14 Februarie









NOG PRESTEERDERS

# FACE OF WINTER 2020 en vele ander kompetisies: Nathan Evans

ROUX-ANDRÉ AGENBACH

*'n Model in ons midde: Nathan Evans*

Nathan is nie net enige leerder nie. Hy is ook 'n model wat onlangs op 3 Oktober die ***Mr National Supreme RSA 2020*** titel gewen het. Hy is ook as die liefdadigheidswenner van dieselfde kompetisie aangewys. Nathan het ook al 'n handvol ander titels ingepalm.

Dis nie sommer elke dag wat 'n skool kan spog met 'n model in hulle midde nie. As hierdie model 'n galante jongman is wat hom op liefdadigheidswerk toespits, kan 'n skool met reg trots wees.

Op die vraag of modelkompetisies vir seuns aanvaarbaar is, het Nathan geantwoord hy voel **modelwerk is net so goed vir seuns as vir meisies.** Hy sê dit het hom baie gehelp met sy selfbeeld en selfvertroue.

Nathan, jy is 'n waardige ambassadeur vir ons skool!



Bo: Nathan Evans

# KAROOFEES

STEFNI BINNEMAN

Dit voel al soos 'n leeftyd gelede, maar ja! Daar was 'n Karoofees in Februarie en dit was beslis 'n FEES!


Dit mag dalk vir die meeste van ons voel asof 2020 nie 'n goeie jaar was nie, maar dit is nie waar nie. Daar het eintlik baie interessante goed gebeur voordat die pandemie ons getref het. Een van die dinge was die Karoofees. Dit was die eerste Karoofees wat Sonneveld Akademie aangebied het. Voorheen het Sonneveld Akademie altyd die "Kekkel-en-Kraaifees" gehad, maar hierdie jaar het ons fees 'n splinternuwe baadjie aangetrek.

Daar was 'n groot verskeidenheid stalletjies vir die ondersteuners om te besoek asook 'n hele paar heerlike kosstalletjies. Vir my was die stalletjies wat die grootste gees aan die Karoofees verskaf het, die Kermisstalletjies wat deur die 2020 leiers, ouers en juffrou Anneke Strydom hanteer en beman is.

Behalwe vir die stalletjies en wonderlike atmosfeer was daar baie ander aktiwiteite vir jonk en oud. Vir die manne was daar 'n 4x4 roete en vir die jonger seuns was daar selfs die geleentheid om met hulle bergfietse deur die modder in die 4x4-baan te jaag. Glo my, die seuns het dit vreeslik geniet!

Terwyl die kinders saam met hulle ouers speletjies soos "Tag a flag" en boeresport geniet het (wat deur die Voortrekkers aangebied is), kon mens verskeie pragtige stemme van sangers in die agtergrond hoor wat vir groot vermaak gesorg het.

Die hoogtepunt van die Karoofees was beslis Jennifer Zamadio wat 'n heerlike dag afgesluit het met haar vertoning terwyl ouers en grootouers op die maat van die musiek op die rugbyveld kon dans tot laat.



Die was verseker 'n fees om by te woon.

Ons kan nie wag om te sien wat 2021 se fees gaan inhou nie.

Ek kan vir seker sê dat ek dit beslis nie gaan misloop nie.











Foto bo: Damian Smit neem deel aan die Karoofees-pret

# LEKKER LAWWE LENTE-FOTOKOMPETISIE

GABRIELLA DURANDT



Lente is soos 'n nuwe begin waar die natuurskoon op sy mooiste is! Orals is tekens van nuwe lewe en vernuwing.

Dit stop nie daar nie... die lente bring nuwe geleenthede soos die begin van **die Lekker Lawwe Lente-Fotokompetisie.** Almal het die kans gehad om te kon inskryf vir die fotokompetisie. Die reëls was eenvoudig: neem 'n lawwe lentefoto saam met jou ouer en stuur dit in! Die wenners het elkeen 'n unieke prys ontvang sowel as erkenning vir hulle oulike foto'tjies.

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat deelgeneem het. Baie geluk aan die volgende wenners!






Grondslagfase

~1ste plek: Kelly Engelbrecht Gr 1 - Wen skryfbehoeftes vir Gr 2 – geborg Dean's
~2de plek: Jordaan Martinussen gr R - R500 PNA geskenkbewys
~3de plek: Karien Drotskie - R200 PNA geskenkbewys

Laerskool

-1ste plek: Luca-leigh Nieuwoudt - Wen skryfbehoeftes vir Gr 5 – geborg Dean's
-2de plek: Zeldine Dekker - R500 PNA geskenkbewys
-3de plek: Clingen Strauss - R200 PNA geskenkbewys



















Die pragtige foto's van al die Sonnies wat vir die kompetisie ingeskryf het, is te siene op die skool se Facebook-blad. Gaan loer gerus! Al die foto's is pragtig, prettig en perfek vir hierdie fleurige, lekker, lawwe lentekompetisie.

DEAN'S



### *Dieremanewales tydens groentjiekonsert*

Leiers 2020




Ons hoor dit al van kleins af: "Jan, stop jou aapstreke! Jan, het jy rooimiere? Jan, hou op bokspring en luister!" Kinders word gereeld met diere vergelyk. Aan die begin van 2020 het ons 'n hele dieretuin vol "diere" in Sonneveld Akademie gehad.

Die Graad 8's van 2020 (foto hierbo) het hierdie jaar die geleentheid gehad om tydens die oriënteringstyd soos enige dier van hul keuse aan te trek. Hulle het entoesiasties saamgewerk en die heerlikste herinneringe gemaak.

Die dieretema is ook tydens die groentjiekonsert gebruik. Die leiers het in 'n japtrap die oulikste konsert op die planke gebring wat elke Graad 8 betrek het en die gehoor lekker laat skaterlag het.

Graad 8's, julle het julself bewys en het as waardige Sonnies by die hoërskool ingeskakel! Ons doel was om julle in die hoërskool welkom te laat voel en ons glo ons het in ons doel geslaag!



## Sonnies vier Nasionale Melktertdag op 28 Februarie



Nasionale Melktertdag is reeds in 2013 ingestel en word jaarliks in Februarie gevier. Dit was natuurlik vir die Sonnies 'n smullekker voorreg om op hierdie dag die tradisie van melktert-eet mee te maak!

Melktert is so Afrikaans soos koeksisters, braaivleis, biltong en droëwors. Volgens HW Classsens se boek, ***Die geskiedenis van Boerekos 1652 – 1806***, dateer melktert uit die tyd toe die Hollanders hulself aan die Kaap kom vestig het.



Melktert sonder kaneel is natuurlik ondenkbaar en kaneel is so oud soos die berge. Die eerste bewyse dat kaneel gebruik is, dateer reeds uit sowat 2000 jaar voor Christus. In die Bybelse tyd is kaneel ook algemeen gebruik. God beveel in Eksodus 30:23 vir Moses om onder andere **kaneel** te gebruik om 'n gewyde salfolie te maak. Selfs die boek Spreuke verwys na kaneel. Die Voortrekkers het kaneel gebruik om verkoues te genees en het dit selfs as insekweerder aangewend.

Tik jy die woord "Melktert" op 'n Google-soektog in, gaan jy bykans 400 000 trefslae kry.

Ons hoop dit word 'n instelling by die skool om elke jaar in Februarie melktert te eet.

[Inligting herwin vanaf: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/lizz-en-elsabe-vier-saam-nasionale-melktertdag/]











## BID VIR ONS BOEREGEMEENSKAP

Renaldo Lochner

Op Vrydag, 9 Oktober, het die Sonnies vir ons land se boere en plaaswerkers gebid. Hierdie mense voorsien ons land van voedsel. Hulle speel 'n sleutelrol in ons land se ekonomie en is noodsaaklik vir ons voortbestaan.


Ons Boere se **veiligheid** is vir ons almal 'n bron van kommer. Verder is die boere totaal afhanklik van reën en ander natuurelemente om vooruit te kan boer.

Die boeregemeenskap het ons almal se voorbidding nodig.

Die Here se beskerming word vir almal op ons plase toegebid.





## Pitkos

SONIQUE BUTLER

**EK DOEN MY BES VIR JESUS**

Filippense 3:12-16
Jy het seker al by die skool resies gehardloop? As die skoot klap, is daar mos net een ding wat vir jou belangrik is - jy wil eerste by die wenpaal kom.

So moet elkeen wat vir Jesus liefhet, ook lewe. Ons kry dit nie altyd reg nie, maar as ons die verkeerde dinge wil doen, moet ons Jesus se hand (wat ons styf vashou) sien. Hy is altyd by ons.

Probeer om elke ding wat jy moet doen só te doen dat God vir jou kan sê dat jy gewen het.Soos iemand wat resies hardloop en net hulle beste gee sonder om om te kyk, so moet jou foute jou nie afskrik nie.

Wees iemand wat net vir Jesus lewe en jy sal jou prys wen soos die wenner van 'n resies wat sy beker wen!

**ONTHOU JY IS JESUS SE KIND**

Onthou altyd jy is die Here se kind. Daarom moet jy nie met 'n lang gesig rondloop nie. Wees liewer vrolik en glimlag. Dit wat ander van jou sê en dink, maak nie saak nie. Al wat eintlik saakmaak, is dat jy altyd sal onthou dat Jesus vir jou lief is en dat jy vir Hom belangrik en spesiaal is.

Ons moet eerder vir God probeer tevrede stel as vir die mens.




















# ONS LEERDERS SE EIE SKRYFWERK

Net 'n gedagte



Ek probeer vergeet
maar ek kan skaars vergewe
Die feit dat ek soek na 'n toekoms
met geen voetspoor in die verlede…
Maar dis nie my keuse:
tyd gaan aan.
Ek is maar net 'n druppel water
in die oseaan.

As jy in die verte kyk, dink jy dieselfde as ek?
Gedagtes aan my impak… los ek 'n merk?
Ek vra myself: "Sal liefde nog kom?"
Wanneer ek sterf
wie gaan opdaag en sê hulle gee om?

So draai die wiel van die lewe en…
goed kom tog bymekaar uit.
Eendag is almal dieselfde
en niemand word uitgesluit.
God het almal geskape
met die gedagte om volgens Hom te lewe.

Waar ons mense oordeel…
kom ons begin liewers vergewe.

BAREND HENNING – Graad 11

## Uittreksel uit 'n dagboekinskrywing

Derick Entres – Graad 10

Ek moet sê dat vandag se ervaring by die skool vir my gevoel het of ek op 'n ander planeet is… dat die planeet so gevaarlik is dat 'n klein, mikroskopiese virus in staat is om die hele gemeenskap van lewende organismes uit te wis. Dit herinner my aan die woorde van 'n baie ou Engelse treffer: "It is a strange strange world we live in, Master Jack."

Vanoggend het ek uit die vierwielruimtetuig van my ouers geklim en ek kon netsowel ***Bubble Boy*** gewees het: die seun wat glad nie met die mense rondom hom kon kontak maak nie …



# ‘n Elegante aand saam met die matrieks:

## ‘n glansgeleentheid om te onthou… Die matrieks van 2020 groet in styl!

Nicole Stears



As jy gedink het die 2020 inperking sou Sonneveld Akademie en ons matrikulante se gees blus of dat die matriekafskeid van die baan sou wees, was jy ver verkeerd.

Dit was ‘n fantastiese geleentheid vir ons matrieks en die hoogtepunt van hulle matriekjaar. Die meisies het almal asemrowend gelyk - reg vir die rooi tapyt. Die manne het ook nog nooit só “*handsome*” gelyk soos daardie aand nie.




As jy gewonder het wie was wie se metgesel (ek het al die inligting):


- Clifford Labuschagne en Anzel Parsons
- Jan van der Riet en Zané Swart
- Olivia van Wyk en Enslin van Rensburg
- Danielle van Eeden en Morné

Die tema van hierdie jaar se geleentheid was *Dripping in LUXURY.*

Die geleentheid is op 22 September by **Summer Place** in Boksburg gehou.

Ek het met van die matrieks gepraat en hier is hulle kommentaar:






*Jan* (links): “Die matriekafskeid was “amazing”. Ek het elke oomblik daarvan geniet en dis te danke aan ons “amazing” onnies. Dit was ‘n lekker aand saam met ‘n beeldskone meisie. Elke oomblik was iets om te onthou. Die dag was iets besonders: so reg uit ‘n sprokiesverhaal. Ek wil net dankie sê vir Zané Swart (wat my metgesel was) en ook vir Juffrou Sonja Jooste en Juffrou Ilze Swart.”

*Clifford* (bo) en Anzel (‘n Graad 10-leerder van Sonneveld Akademie)



*Olivia* (regs): “Jou matriekafskeid is ‘n aand wat ‘n mens nooit sal vergeet nie. Dit is ‘n tyd wat jy geniet saam met jou vriende en onderwysers. Dit is ‘n magical aand en ‘n mens maak onvergeetlike memories en neem mooi foto’s. Maar matriekafskeid is ook ‘n aand waarop jy moet afskeid neem van 12 jaar van skool. Dit voel nou nog vir my te onwerklik om te glo.”



*Danielle* (links): “Dit was ’n fantastiese aand. Daar was heerlike kos en goeie geselskap. Dit was ‘n aand om te geniet en te onthou.”

Ons wens ons matrieks alle sterkte toe met die eksamen en die nuwe hoofstuk in hulle lewens wat binnekort begin.






## Sonnies-onnies gee om!

Sonneveld Akademie se personeel het 'n spesiale Paasboodskap tydens grendeltyd gestuur. Dankie Onderwysers! Ons bêre dit in ons harte.

